SKEDULERINGSTATUS

S4

NITROFURANTOIN 50 PHARMC, 50 mg harde kapsules

NITROFURANTOIN 100 PHARMC, 100 mg, harde kapsules

Nitrofurantoïen

Bevat suiker:

NITROFURANTOIN 50 PHARMC: Laktosemonohidraat 113 mg per kapsule

NITROFURANTOIN 100 PHARMC: Laktosemonohidraat 226 mg per kapsule

Lees die hele inligtingsblad aandagtig deur voordat jy begin om NITROFURANTOIN PHARMC te neem

- Hou hierdie inligtingsblad. Dit mag nodig wees dat jy dit weer wil lees.
- Indien jy verdere vrae het, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker, verpleegster of ander gesondheidsorgverskaffer.
- NITROFURANTOIN PHARMC is vir jou persoonlik voorgeskryf en jy moet nie jou medisyne met ander mense deel nie. Dit kan skadelik vir hulle wees, selfs al is hulle simptome dieselfde as joune.

Wat is in hierdie inligtingsblad

1. Wat is NITROFURANTOIN PHARMC en waarvoor word dit gebruik
2. Wat jy moet weet voordat jy NITROFURANTOIN PHARMC neem
3. Hoe om NITROFURANTOIN PHARMC te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om NITROFURANTOIN PHARMC te bewaar
6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

1. Wat is NITROFURANTOIN PHARMC en waarvoor word dit gebruik

Nitrofurantoïen (die aktiewe stof in NITROFURANTOIN PHARMC kapsules) is 'n antibiotikum. Dit word gebruik om infeksies van die blaas, niere en ander dele van die urienweg te voorkom en te behandel.

2. Wat jy moet weet voordat jy NITROFURANTOIN PHARMC neem

Moenie NITROFURANTOIN PHARMC neem nie:

- indien jy hipersensitief (allergies) is vir nitrofurantoïen of enige van die ander bestanddele van NITROFURANTOIN PHARMC (gelys in afdeling 6).
- Indien jy 'n niersiekte het wat die manier waarop hulle werk ernstig aantas (vra jou dokter as jy nie seker is nie).
- Indien jy in die eindstadium van swangerskap (kraam of verlossing) is, want daar is 'n risiko dat dit die baba kan beïnvloed.
- Indien jy 'n bloedafwyking genaamd porfirie het.
- Indien jy 'n tekort het aan 'n ensiem genaamd G6PD (glukose-6-fosfaatdehidrogenase).
- Indien jy 'n baba borsvoed met 'n bekende of vermoedelike tekort aan 'n ensiem genaamd G6PD (glukose-6-fosfaatdehidrogenase).

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Wees versigtig met NITROFURANTOIN PHARMC:

- Indien jy probleme met jou longe het, bv. asma of ’n geskiedenis van asma-aanvalle, chroniese obstruktiewe pulmonêre siekte (COPD), longkanker, abnormale ophoping van vloeistof in die longe, longinfeksies.
- Indien jy verswakte lewerfunksie het.
- Indien jy neurologiese afwykings het, bv. epilepsie, Alzheimer se siekte en ander demensies, serebrovaskulêre siektes insluitend beroerte, migraine en ander

hoofpynversteurings, veelvuldige sklerose, Parkinson se siekte, breingewasse of traumatiese afwykings van die senuweestelsel as gevolg van 'n kopbesering.

- Indien jy diabetes het.
- Indien jy las het van enige siekte wat erge swakheid veroorsaak.
- Indien jy aan bloedarmoede ly ('n afname in rooibloedselle wat 'n bleek vel, swakheid en kortasem veroorsaak); of 'n tekort aan vitamien-B of abnormale soutvlakke in jou bloed (jou dokter kan jou adviseer).
- Indien jy 'n geskiedenis van allergiese reaksies het.

Bogenoemde toestande kan die kans verhoog om 'n newe-effek te hê wat senuweeskade, wat veranderde gevoelsintuig en spelde-en-naalde sensasie veroorsaak.

- Indien jy 'n tekort aan 'n ensiem (chemiese stowwe in die liggaam) genaamd glukose-6-fosfaatdehidrogenase het, veroorsaak dit dat jou rooibloedselle makliker beskadig kan raak (dit kom meer algemeen voor by swart mense en mense van Mediterreense, Midde-Oosterse of Asiatiese oorsprong. Jou dokter sal dit weet).
- Indien jy enige long-, lewer- of senuweestelselsiekte het. Indien jy NITROFURANTOIN PHARMC vir 'n paar maande moet neem, sal jou dokter dalk jou long- en lewerfunksie gereeld wil kontroleer.

Ander medisyne en NITROFURANTOIN PHARMC

Lig altyd jou gesondheidsorgverskaffer in as jy enige ander medisyne neem. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in.)

Lig jou dokter in, veral as jy enige van die volgende neem:

- Teensuurmiddels vir slegte spysvertering (bv. magnesiumtrisilikaat)
- Medisyne vir jig (bv. probenesied of sulfinpirasoon)
- Medisyne wat die deurgang van voedsel deur die maag vertraag (bv. atropien, hiosien)

- Medisyne vir verhoogde druk in die oog (gloukoom), soos koolsuuranhidrase-inhibitore (bv. asetasoolamied)
- Medisyne wat die urien minder suur maak (bv. kaliumsitraat mengsel)
- Medisyne vir infeksies, bekend as kinolone, oksoliensuur of nalidiksiensuur
- Orale voorbehoedmiddel - "die pil". Jy sal bykomende voorbehoedende maatreëls moet toepas, soos om 'n kondoom te gebruik, aangesien antibiotika die doeltreffendheid van die voorbehoedpil kan verminder
- Tifus-entstof, gegee om tifuskoors te voorkom.

Indien jy twyfel oor enige van hierdie medisyne, vra jou dokter of apteker.

NITROFURANTOIN PHARMC kan die resultate van sommige toetse vir glukose in die urien beïnvloed.

NITROFURANTOIN PHARMC met kos en vloeistowwe

NITROFURANTOIN PHARMC kapsules moet tydens maaltye, met kos of melk geneem word. Dit help om maagprobleme te voorkom en bevorder die absorpsie.

Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid

Indien jy swanger is of borsvoed, dink jy is dalk swanger, of beplan om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer voordat jy hierdie medisyne neem.

Die veiligheid van gebruik tydens vroeë swangerskap is nie vasgestel nie.

NITROFURANTOIN PHARMC moet nie tydens kraam of bevalling gebruik word nie, want daar is 'n moontlikheid dat gebruik op hierdie stadium 'n invloed op die baba kan hê. As jy wil borsvoed, raadpleeg asseblief eers jou dokter.

Bestuur en die gebruik van masjinerie

NITROFURANTOIN PHARMC kan duiseligheid en lomerigheid veroorsaak. As jy op hierdie manier geraak word, moet jy nie bestuur of masjiene gebruik totdat die simptome weg is nie.

NITROFURANTOIN PHARMC bevat laktosemonohidraat

NITROFURANTOIN PHARMC bevat laktosemonohidraat. Indien jou dokter jou meegedeel het dat jy ‘n intoleransie het vir sekere suikers, moet jy jou dokter kontak voordat jy NITROFURANTOIN PHARMC neem.

3. Hoe om NITROFURANTOIN PHARMC te neem

Moenie medisyne wat vir jou voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie.

Neem NITROFURANTOIN PHARMC altyd presies soos jou dokter of apteker jou aangeraai het. Kontroleer met jou dokter of apteker indien jy nie seker is nie.

Volwassenes

Om infeksies te behandel: Óf een 50 mg kapsule óf een 100 mg kapsule vier keer per dag vir sewe dae met etes en voor slaaptyd.

Vir die voorkoming van verdere infeksies: Of een 50 mg kapsule of een 100 mg kapsule voor slaaptyd.

Vir voorkoming van infeksies tydens 'n operasie: Een 50 mg kapsule vier keer per dag op die dag van die operasie en drie dae daarna.

Kinders en babas ouer as een maand:

Die dosis hang af van die gewig van die kind en sal deur jou dokter bepaal word. Volg noukeurig jou dokter se instruksies.

Jou dokter sal jou inlig hoe lank jou behandeling met NITROFURANTOIN PHARMC sal duur. Indien jy die indruk kry dat die effek van NITROFURANTOIN PHARMC te sterk of te swak is, lig jou dokter of apteker in.

Kapsules moet met voedsel of melk geneem word.

Jou dokter sal enige effekte op die lewer, longe, bloed of senuweestelsel noukeurig dophou.

Indien jy meer NITROFURANTOIN PHARMC geneem het as wat jy moet

In die geval van 'n oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. Indien geeneen beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of vergiftigingsentrum. Indien jy te veel NITROFURANTOIN PHARMC inneem, kan tekens daarvan 'n omgekrapte maag (naarheid, braking of diarree) of stuiptrekkings insluit.

Indien jy vergeet om NITROFURANTOIN PHARMC te neem

Indien jy vergeet het om 'n dosis te neem, neem dit sodra jy onthou. Indien jy later op daardie dag onthou, neem daardie dag se dosis soos gewoonlik. Indien jy 'n hele dag se dosisse oorgeslaan het, neem die normale dosis op die volgende dag. Moenie 'n dubbeldosis neem om op te maak vir 'n vergete kapsule nie.

Indien jy ophou om NITROFURANTOIN PHARMC te neem

Jou dokter sal jou inlig hoe lank jou behandeling sal aanhou. Moenie voor die tyd wat vir jou gesê is ophou nie, selfs al voel jy beter.

4. Moontlike newe-effekte

NITROFURANTOIN PHARMC kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir NITROFURANTOIN PHARMC aangemeld is, word in hierdie inligtingsblad genoem nie. Indien jou algemene gesondheid verswak of jy enige ongunstige

effekte ondervind terwyl jy NITROFURANTOIN PHARMC neem, raadpleeg asseblief jou gesondheidsorgverskaffer.

Indien enige van die volgende gebeur, staak NITROFURANTOIN PHARMC, lig dadelik jou dokter in daarvan, of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal:

- swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe en mond of keel, wat probleme kan veroorsaak met sluk of asemhaling,
- uitslag of jeuk,
- floute (ineenstorting).

Al hierdie newe-effekte is baie ernstig. Indien jy dit het, kan jy 'n ernstige reaksie op NITROFURANTOIN PHARMC hê. Jy kan dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

Lig jou dokter dadelik in, of gaan na die ongevalle-afdeling by jou naaste hospitaal indien jy die volgende waarneem:

- Jou longe kan dalk op NITROFURANTOIN PHARMC reageer. Dit kan vinnig ontwikkel, binne 'n week na aanvang van behandeling of baie stadig, veral by bejaarde pasiënte. Dit kan koors, kouekoors, hoes en kortasemigheid veroorsaak.
- Geelsug (ontsteking van die lewer wat geel verkleuring van die vel of oogwitte veroorsaak).
- Die senuwees buite die rugmurg kan aangetas word, wat lei tot veranderinge in die manier waarop jy voel en jou spiere gebruik. Hoofpyne, uiterste veranderinge in gemoed of geestestoestand, verwarring, swakheid en dowwe visie kan ook voorkom. Hierdie effekte kan ernstig wees en in sommige gevalle permanent.
- Verhoogde druk in die skedel (veroorsaak erge hoofpyne).

Hierdie is almal ernstige newe-effekte. Jy kan dringende mediese aandag benodig.

Lig jou dokter in as jy enige van die volgende waarneem:

Frekwensie onbekend

- mislike gevoel (naarheid) en hoofpyn,
- los stoelgange,
- verlies van eetlus, maagpyn en opbring (naarheid en braking),
- duiseligheid, lomerigheid,
- bloedselle was by sommige pasiënte aangetas. Dit kan lei tot kneusing, vertraagde bloedstolling, keelseer, koors, anemie en vatbaarheid vir verkoue of aanhoudende verkoue,
- by sommige pasiënte het verskillende soorte veluitslag of reaksies voorgekom. Dit kan voorkom as skilferende vel, 'n rooi uitslag of koors wat gepaard gaan met 'n vinnige hartklop, en 'n erge uitslag met blase,
- ander reaksies kan ontsteking van speekselkliere (wat gesigpyne veroorsaak), inflammasie van die pankreas (wat erge buikpyn veroorsaak) en gewrigspyn insluit,
- korttermyn haarverlies,
- urienweginfeksie deur kieme wat nie gevoelig is vir NITROFURANTOIN PHARMC nie.

Neem asseblief kennis dat terwyl jy NITROFURANTOIN PHARMC neem, jou urien donkergeel of bruin kan verkleur. Dit is heeltemal normaal en nie 'n rede om die medisyne te staak nie.

Indien jy enige newe-effekte ondervind wat nie in hierdie inligtingsblad genoem word nie, lig asseblief jou dokter of apteker in.

Aanmelding van newe-effekte

Indien jy newe-effekte ervaar, bespreek dit met jou dokter of apteker. Jy kan ook newe-effekte aan SAHPRA rapporteer via die Med Safety APP (Medsafety X SAHPRA) en die eReporting-platform (who-umc.org) op die SAHPRA webwerf.

Addisioneel kan newe-effekte ook aangemeld word by info@pharmacorp.co.za. Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van NITROFURANTOIN PHARMC te verskaf.

5. Hoe om NITROFURANTOIN PHARMC te berg

Berg alle medisyne buite bereik van kinders.

- Berg by of benede 25 °C.
- Berg die stulpstroke in die kartonhouer totdat dit benodig word vir gebruik.
- Moenie in 'n badkamer berg nie.
- Moenie na die vervaldatum op die etiket/karton/bottel gebruik nie.

Neem alle ongebruikte medisyne terug na jou apteker.

Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

Wat NITROFURANTOIN PHARMC bevat

- Die aktiewe bestanddeel is nitrofurantoïen.

NITROFURANTOIN 50 PHARMC

Elke harde gelatienkapsule bevat 50 mg nitrofurantoïen-makrokristalle.

Bevat suiker: laktosemonohidraat 113 mg per tablet.

NITROFURANTOIN 100 PHARMC

Elke harde gelatienkapsule bevat 100 mg nitrofurantoïen-makrokristalle.

Bevat suiker: laktosemonohidraat 226 mg per tablet.

- Die ander bestanddele is:

Inhoud van die kapsule

Laktosemonohidraat, mieliestysel, talk (E553b).

Kapsuledop

Gelatien, geel ysteroksied (E104), natriumlourielsulfaat, titaandioksied (E171).

Drukink

Swart ysteroksied (E172), skellak (E904).

Hoe NITROFURANTOIN PHARMC lyk en inhoud van die pakkie

NITROFURANTOIN 50 PHARMC

Grootte '3' harde gelatienkapsule gemerk met “A9” op die ondeursigtige geel doppie en 'n gewone ondeursigtige wit romp wat 'n liggeel korrelrige poeier bevat.

NITROFURANTOIN 100 PHARMC

Grootte '2' harde gelatienkapsule gemerk met “A8” op die ondeursigtige geel doppie en 'n gewone ondeursigtige geel romp wat 'n liggeel korrelrige poeier bevat.

Inhoud van die pakkie

10 kapsules word in 'n stulpstrook van aluminiumfoelie met VMCH-bedekking (25 mikron) en wit, ondeursigtige PVC-film (250 mikron) verpak. 3 of 5 stulpstroke word saam met 'n inligtingsblad in 'n kartondosie verpak.

Nie alle pakgroottes word noodwendig bemark nie.

Houer van die Registrasiesertifikaat

PHARMACORP (PTY) LTD

29 Victoria Link

Route 21 Corporate Park

Irene, 0178, RSA

Hierdie inligtingsblad is voorheen hersien in

04 September 2026

Registrasienommers

NITROFURANTOIN 50 PharmC: 55/18.5/0862

NITROFURANTOIN 100 PharmC: 55/18.5/0863

Toegang tot die ooreenstemmende Professionele Inligting

www.pharmacorp.co.za